15.8 BESKRYWINGSPUNT VAN SUIDELIKE STREEKSINODE OOR DIE BESLUIT VAN NASIONALE SINODE 2006 OM BY DIE SARK AAN TE SLUIT (Artt 56, 280, 281)

A. Ds H Reinecke stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Ekumenisiteit.
C. Prof SJ van der Merwe rapporteer namens die Ad hoc-kommissie oor die implikasie dat die Beswaarskrif van Streeksinode Bosveld oor SARK geslaag het.
D. **Besluit:** Die Sinode besluit om in die lig van die besluit oor die implikasie dat die Beswaarskrif van Streeksinode Bosveld oor SARK geslaag het, die Beskrywingspunt nie te behandel nie.
E. Kyk besluit geneem by 15.6 – Beswaarskrif Streeksinode Bosveld oor SARK.

F. **BESKRYWINGSPUNT**

1. Beskrywingspunt

Dat die Algemene Sinode versoek word om, in te besin oor die GKSA se lidmaatskap van die SARK en om bykomende maniere te ondersoek waardeur die kerke uitvoering kan gee aan hul profetiese taak met inagneming van kerke en lidmate se behoefte dat die kerke duideliker en meer sigbaar getuienis moet lewer.

2. Beredenering en motivering

2.1 *Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) se band met die Wêreldraad van Kerke (WRK)*

Tydens die Sinode van 2006 is daar geen melding gemaak dat die SARK 'n geaffilieerde lid van die Wêreldraad van Kerke (WRK) is nie. Die Sinode 2006 stel: *Negatiewe persepsies oor die SARK in die GKSA behoort nie onderspeel te word nie, maar moet bestuur word deur die waarheid oor die SARK in elke situasie te omhels en op gepaste wyse daaroor aan die kerke en in die wêreld te getuig* (Acta 2006:174, vii). In die lig van hierdie stelling is dit tog ook nodig dat lidmate daarvan kennis sal dra dat die SARK 'n affiliaat van die WRK is (www.sacc.org.za. sien onder die opskrif *Partners).*

Dit is algemeen bekend dat die WRK nie net streef na eenheid onder die Christelike kerke nie, maar 'n sinkretistiese rigting inslaan en streef na intergeloofsamewerking. So is daar op. die webblad van die WRK onlangs 'n verwysing na 'n intergeloofseminaar: *How can* we *affirm our identity* as *Muslims, Jews and Christians not in separation or against each other but in reliqtion to one another? D*aar word dan vertel hoe daar gesamentlike dienste in 'n sinagoge, moskee en kerke gehou word (webblad, World Council of Churches). Dit is duidelik dat die WRK sulke intergeloofsbyeenkomste ondersteun.

'n Australiese Nuusblad, *The Australian,* het soos volg berig oor 'n uitspraak wat die Direkteur vir die WRK se Intergeloofsdialoog, Wesley Ariarajah, gemaak het:

"The World Council of Churches took ecumenism to the farthest limits at the weekend, suggesting Muslims, Hindus and others achieve salvation in the same way as *Christians and warning the latter against narrow thinking.*" Verder is dit belangrik om te onthou dat lede van die WRK nie geloof in die Drie-enige God hoef te bely nie.

Die WRK gee ook sy ondersteuning aan ander ekumeniese liggame in die groeiende intergeloofsbeweging. Een hiervan is die Parlement vir Wêreldgodsdienste wat openlik godsdiensgelykheid bepleit. (Godsdienstige Dwalinge, p17, 18, http://www.bibleguidance.co.za/AfrartikelsNalseleringe.htm).

Die gevolg van die GKSA se affiliasie by die SARK is dat die Gereformeerde Kerk in Suid Afrika dus ook indirek lid is van die WRK. Die lidmate van die GKSA dra deur ramings by tot ons deelname aan die SARK, wat weer op hulle beurt affiliasiefooie aan die WRK betaal.

2.2 *Intergeloofsaksies deur die SARK*

In die Sinode 2006 se motivering tot die besluit am by die SARK aan te sluit, word gesê: *Lidkerke hoef nie met besluite van die SARK in te stem nie, en kan op hulle eie getuienis lewer en inisiatiewe loods wanneer nodig. Hierdie faktore maak dit makliker vir die GKSA* am *aan te sluit by die SARK* (Acta, 2006:173, (a) Motivering). Alhoewel die GKSA sy onafhanklikheid kan behou, is die vraag wet te vra of dit die prys werd is. Daar is baie nuusbulletins op die SARK se webwerf waar hulle met die Moslems, Jode, Boeddhiste, Hindoes, en ander geloofsgroepe saamwerk. Van die artikels is: *"Interfaith Marches for Trade Justice", "Interfaith Relief Commission Established", "Interfaith Delegation* to *Explore Reconciliation in Rwanda".* Die Here sê egter baie duidelik vir ons in die Bybel: *Moenie in dieselfde juk trek* saam *met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Bélial, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode?"* (2 Kor. 6:14-16).

Onderstaande is 'n uittreksel uit die *artikel Interfaith Service Marches for Traqe Justice* op die SARK se webblad:

"Singing 'Siyahamba – We *are marching in the light of God', faith leaders from Christian, Muslim and Jewish traditions led 500 worshippers on a procession from St George's Anglican Cathedral in Cape Town to St Mary's Roman Catholic Cathedral, opposite the Houses* of *Parliament. During the service, organized* as *part* of *the Global Week of Action* on *Trade "* en *"During the intercessory prayers, members of the South African Textile Workers' Union came forward* to *tell the assembly how they had been affected by the announced closure, ... ".* (www.sacc.org.za)

In die lig van watter god het hulle marsjeer en tot watter god het hulle saam gebid? Kon dit tot die Drie-Enige-God, waarin ons glo, maar wat deur die Moslems en Jode verwerp word, wees?

Die SARK is ook besig met pogings om voorouveraanbidding en heidense rituele in hul Christelike lidkerke aan te moedig. Die SARK het in sy publikasie, Rite of Reconciliation, verskeie voorbeelde van versoeningsrituele beskryf wat in die kerke uitgevoer kan word. Dit is· onder meer gedoen in 'n poging om aan die doelstellings van die Waarheids- en Versoeningskommissie uitvoering te gee. In hierdie rituele word daar van water, vuur, gal, bloed, bier en olie gebruik gemaak. Een van die voorstelle lei soos volg:

Beer, blood or water mixed with mealie meal in a calabash will be used. Spears or knob kieries , wooden shrines, guns or any appropriate symbol is put on a blanket, quilt, etc. on the floor. As the minister says the following prayer, his or her helpers pour the libation slowly on the symbols representing the ancestors and the spirits of those who died unjustly whether as *victims or defenders* of *the apartheid government'* Die gebed lui soos volg *"As we pour out the libation, we call upon you, our ancestors, to be present at this ceremony of reconciliation. We invite the Spirits of all who have died before their time* as *innocent victims* of *human blindness ... We invoke the Spirits of our ancestors to intercede on behalf of our new nation ... We ask for courage and honesty through Jesus our Lord. Amen.*

(www.bibleguidance.co.za en info@christianaction.org.za)

Die GKSA sal hom prinsipieel moet verantwoord aan die eis van die Skrif om nie met die ongelowiges in dieselfde juk te trek nie. Die besluit om aan die SARK deel te neem sonder werklike prinsipiële beredenering bring verwarring by baie lidmate. In 1 Kor. 10:27-33 se Paulus dat die gelowige nie vleis wat aan 'n afgod geoffer is, moet eet nie, ter wille van die gewete van ander. Is hierdie situasie dan nie soortgelyk nie? As ons weet dat die SARK noue bande het met ander geloofsgroepe, moet ons ter wille van ander se gewete liefs nie die pad saam met hulle stap nie.

2.3 *Gebrekkige invloed in die SARK en Regering*

Tydens die Sinode van die GKSA 2006 is die volgende motivering gegee vir die aansluiting by die SARK: *In die lig daarvan dat gesamentlike kerklike getuienis binne*

die nuwe grondwetlike bestel baie belangrik is, meen die Deputate dat die GKSA by die SARK moet aansluit omdat dit vir die GKSA groter direkte toegang tot die owerheid sat gee. Terselfdertyd sal dit ons kerke in staat stel om *'n meer invloedryke rol binne die breëre kerklike omgewing* te *speel (Acta* 2006:172, (a) Motivering).

Die vraag kan na 2 jaar gevra word watter verskil die GKSA se aansluiting by die SARK werklik gebring het. Het ons kerke werklik 'n meer invloedryke rol binne die breër kerklike omgewing gespeel? Die GKSA sal waarskynlik nie 'n suiwer stem na die regering hê nie, want die SARK gaan net met die meerderheidstem na die regering. Minderheidstemme, waarby ons dikwels aansluiting sal vind, se toegang tot die regering is dus in elk geval baie beperk.

Indien dit telkens daarop gaan neerkom dat ons ons eie standpunte in die media sal moet stel, waarom stel ons dit nie sommer direk aan die media sonder deelname aan die SARK nie? Die doel van die kerke se besluit was om invloed uit te oefen op die regering en 'n meer invloedryke rol binne die kerklike omgewing te speel. Indien ons nie in hierdie doel geslaag het nie, het die poging misluk. Daar sou dan geen sin wees om voort te gaan met die band met die SARK nie.

Dit blyk ook dat lidmate nie bewus is van enige voordele wat ons uit die lidmaatskap met die SARK verkry nie. Samewerking met organisasies soos Christian Action sou waarskynlik meer sukses oplewer. Die organisasie het in die afgelope jare, onafhanklik van die SARK, meer publisiteit ontvang as die GKSA wat lidkerk van die SARK is.

Die gevaar is groot dat ons ons eintlike roeping, naamlik die suiwere verkondiging van die evangelie kan inboet weens die weg wat ons volg om 'n bydrae te maak. Die doel én die weg is belangrik. Die weg na 'n bepaalde bestemming kan reg lyk, maar dit kan uiteindelik na vore kom dat die weg lei na 'n heel ander (teleurstellende) bestemming. Ons moet seker maak van die weg wat ons gaan volg. Na ons mening verbeur ons die geleentheid om die Woord onverskrokke, in vryheid uit te dra. Natuurlik het die GKSA 'n roeping om op gereformeerde grondslag profetiese getuienis in die wêreld en aan die owerheid te gee (vgl Kol 2:8 en Joh 9:5; 1 Pet 3:15), (Acta 2006:173, 3.2,b,(ii)) maar begin 'n alternatiewe, en beter weg nie moontlik by groter en dringender gebed rondom ons roeping en die verwagting dat die Here vir ons deure sal oopmaak op 'n meer aanvaarbare (op gereformeerde grondslag) wyse nie? In Op 3:8 hoor ons die belofte van die Christus, die Hoof van die Kerk, aan sy kerk in Filadelfia: *Kyk, Ek het 'n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie.* Jesus Christus self is die Een wat die deure voor sy kerk oopsluit. Is ons seker dat die pad saam met die SARK die deur is wat Christus vir sy kerk oopsluit, of probeer ons 'n deur oopforseer wat nie deur Hom aan ons gegee is nie?

G. RAPPORT AD HOC-KOMMISSIE – IMPLIKASIE DAT DIE BESWAARSKRIF VAN STREEKSINODE BOSVELD [15.6] OOR SARK GESLAAG HET

1. Opdrag

Om die Sinode te adviseer oor die gevolge van die besluit dat Streeksinode Bosveld se Beswaarskrif slaag.

Besluit: Kennis geneem.

2. Beredenering

2.1 Beswaarskrif GK Oos-Moot – hierdie Beswaarskrif is teen twee besluite naamlik, lidmaatskap van die SARK en die Parlementêre lessenaar. Aangesien die beswaardes dit as een saak hanteer en dieselfde gronde vir beide stel, het dit implikasies vir hantering van die Beswaarskrif in sy geheel.

2.2 Beskrywingspunt van Suidelike Streeksinode aangaande die SARK – die Beswaarskrif van Streeksinode Bosveld handel in wese oor hierdie aangeleentheid wat in hierdie Beskrywingspunt beskryf word. Die Rapport van die Kommissie Ekumenisiteit oor hierdie Beskrywingspunt, hanteer die saak waaroor die Beskrywingspunt handel.

2.3 Die besluit van die Sinode het ook implikasies oor die aanbevelings van die Deputate

Ekumenisiteit, 2.4.8.3 tot 2.4.8.8, en word in die aanbevelings hanteer.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.3.

3. Aanbevelings

3.1 Die Sinode neem die Beswaarskrif van GK Oos-Moot rakende die SARK nie ter tafel neem nie. Motivering: Die besluit waarteen beswaar gemaak word, is reeds gerojeer.

3.2 Daar word nie gevolg gegee aan die Beskrywingspunt van Suidelike Streeksinode nie.

3.3 Die Kommissierapport wat handel oor 2.4.8.3 tot 2.4.8.8 van die Rapport Ekumenisiteit : Binnelands word goedgekeur.

3.4 Die Beswaarskrif van Bosveld wat geslaag het, teen die besluit van die Sinode 2006 (Acta 2006:172-175) aangaande lidmaatskap van die SARK, het die konsekwensie dat die besluit oor lidmaatskap van die SARK, gerojeer word.

Besluit: Goedgekeur – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.